WEL EN WEE VAN DIE MILITêRE VETERANE : BERIG 06/2019
30/06/2019

WEE VAN DIE VETERANE

1. Afsterwe van Vos Benade van die Infanterie
Chris van Zyl van die Geskut verwittig met leedwese dat "... dat Vos op 18/06/2019 in Centurion oorlede is, nadat hy lank aan Alzheimer se siekte gely het. Die begrafnis vind om 11:00 op Dinsdag 02/07/2019 by die Kerksondermure Gemeente, geleë te Mountain Quoraystraat in Midlands Landgoed in Midstream, plaas. Drag is pak of bondsbaadjie met dekorasies en medaljes. Valerie se selno is 072 109 3061".

2. Passing of Peter 'Butch' Bitzker of the SAN
Arne Soderlund of the SAN advises with "… the deepest regret that Peter had passed away on 17/06/2019 at Groote Schuur Hospital in Cape Town. He had been involved in a serious accident some 10 days ago and suffered critical injuries. We extend our sincerest condolences to Susan, Peter and Erica and families. The memorial service took place at the Dockyard Church in West Yard Simon's Town on 27/06/2019, after which a wake was held at the Seven Seas Club".

3. Afsterwe van At Grobbelaar van die SALM
Willie Louw van die Kavallerie verwittig met leedwese dat "... dat At op 26/05/2019 te Jeffreysbaai oorlede is, nadat hy die afgelope paar maande ernstig siek was. Ons innige meegevoel met Joey en familie. 'n Gedenkdiens het op 01/06/2019 by die NG Gemeente op Jeffreysbaai plaasgevind. Joey se telefoonnommers is 082 377 7065 en 042-293 2209".

4. Afsterwe van Sarel Nienaber van Afd Inl
* Bertus Steenkamp van Afd Inl verwittig met leedwese "… dat Sarel op 29/05/2019 na 'n stryd teen kanker oorlede is. Sy eggenote, Luna, se selno is 082 513 0521. Die begrafnis het op 08/06/2019 op hulle plaas, Uitspanning, 18 km vanaf Amsterdam plaasgevind en die kerkdiens daarna op die buurplaas, Glen Eland, van Josef en Erica Nienaber.

* Neels van Tonder van Afd Inl voeg by "… dat Luna aan my genoem het dat Sarel die laaste week baie swaar gekry het voordat hy sy laaste asem uitgeblaas het. Die behandeling teen die pankreaskanker is gestaak en ek het besef dit nou nie meer lank sou wees nie. So het nog een van ons seders geval".

5. Afsterwe van Roelof Vorster van die SALM
Paul Els verwittig met leedwese "… dat Roelof op 02/06/2019 in Badplaas gewoon het, maar dat hy op 02/06/2019 in 1 Mil Hosp weens kanker oorlede is. Roelof is my skoonseun se Pa".

6. Afsterwe van Kalla Theron van die Geskut en Leërinligting
* Kalla se dogter, Lika, het vir Kalla op 02/05/2019 na Afd Ongevalle by 1 Mil Hosp geneem, waar hy kort daarna oorlede is. Hannetjie is ook siek, maar word nou by die huis versorg. Lika se selno is 082 903 5497. Kalla, rus in vrede.

* Koos Laubscher van die Geskut het die gedenkdiens gereël wat op 11/06/2019 by dieselfde standplaas as SAW se jaarlikse Herdenkingsdiens by die Voortrekkermonument plaasgevind het.

7. Afsterwe van Coen Breedt van die SALM
Piet Fairbanks van die SALM verwittig met leedwese "… dat Coen verlede week oorlede is en dat sy gedenkdiens op 05/06/2019 by die Oog in Naboomspruit plaasgevind het. Coen was 'n stigters lid van 3 SAI Bn, 'n vlieënier by 42 LLV en 17 Esk en word oorleef deur Gerda en sy dogters".

8. Passing of Dirk van der Bank of the Infantry
* Craig Harrison of Army Intelligence and Chris du Toit of the Cavalry advises with regret from out of Beijing, China, that Dirk had passed away in Papua New Guinea on 07/06/2019, where he was under contract to the UN Development Programme. Dirk was both a SADF and UN colleague of both of us. Apart from his successful career as a professional senior officer, he was highly respected for his work in the UN. He is survived by Christa who is in Mossel Bay, and a son, Boeta, and daughter, Cindy. No funeral details yet as the repatriation of the remains still has to take place".

***** Hein Boshoff van die Infanterie noem op FaceBook dat "... Dirk sy laaste jare in die SAW in die Ciskei Weermag gedien het, nadat hy baie jare by die SA Inf Skool was. Ons innige meegevoel aan Christa, gesin en familie. RIV my ou vriend en kameraad. Die foto toon vir Dirk saam met Christa".

9. Passing of David Graaff of the SAAF
The SAAFA advised with regret "… that David had passed away on 07/05/2019. A private funeral for the immediate family will be arranged by Elsa. Our sincere condolences to Elsa, the family and friends".

10. Afsterwe van PJ Botes van Logistiek
Paul Els verwittig met leedwese "… dat PJ op 07/06/2019 in die ouderdom van 87 jaar heengegaan het".

11. Passing of Vic Fourie of the SAAF
Koos van Rensburg advised with regret on behalf of the SAAFA "… that Vic had passed away on 15/06/2019 after a short illness. Oom Vic, as he was affectionately known, joined the SAAF in 1942 and retired in 1987. He served in Italy with 2 Sqn in 1945 and subsequently with the RAF before returning to the SAAF in 1969. He completed the Empire Test Pilots Course in 1952 and during his flying career he flew

more than 64 aircraft types. Our sincere condolences go to his daughter Virginia and family".

12. Afsterwe van Willie van der Merwe van die SALM
Peter Sharp het op FaceBook met leedwese verwittig dat "… hierdie voormalige vlieënier van 1 Esk op 05/06/2019 oorlede is. Rus in Vrede en sterkte aan die gesin en familie".

13. Afsterwe van Andre Stemmet van 1 Valsk Bn
* In die vorige Nuusbrief het Tony Ellis en McGill Alexander van die Parabats na Andre se afsterwe op 17/05/2019verwys en nou die volgende foto verskaf:

14. Passing of Paul and Liz Smit of the SAN
Arne states that it "… is with sincere regret to advise of the passing of both Paul and his wife, Liz. Both had been unwell recently and passed away at 2 Military Hospital one week apart; Liz on 18/06/2019 and Paul on 25/06/2019. Our deepest sympathy to the twins, Rachelle and Simone and their families".

15. Afsterwe van Bettie : Vrou van Chris van Wyk van die Genie
Paul Els verwittig met leedwese "… dat Bettie op 07/06/2019 oorlede is. Chris was lank Bev Geniesteuneenh in Kroonstad waar die egpaar diep spore getrap het en het na aftrede in Bronkhorstspruit gaan vestig. Ons simpatie met Chris en die gesin in hierdie hartseertyd".

16. Terugslag vir Willem (Durie) van Deventer van die Infanterie
* In die vorige Nuusbrief het Mos Grobler van die Infanterie gerapporteer dat Durie op 06/05/2019 geval en ernstig seergekry het. Durie was in Afd Hoësorg van die hospitaal in Montana in Pretoria vir bloeding op die brein behandel, maar is nou vir rehabilitasie na 1 Mil Hosp oorgeplaas.

* Durie se dogter, Christel, se selno is 082 574 3592 en verwittig dat Durie steeds op ‘n ventilator is. Hy kan nie praat nie, weens die rubberpyp in sy keel, maar reageer positief op besoeke. Hy is swak maar waardeer besoeke en Christel versoek die Veterane om vir Durie in Saal 13 te gaan opbeur.

* Shai Mulder van die Genie noem dat hy “… vir Willem in 1 Mil Hosp besoek het. Dit gaan swaar met hom. Sy dogter het gevra dat ons vir Willem sal bid”.

17. Condition of Jeff Knipe
Kevin Bolton has advised on FaceBook that this previous RSM of 1 Mil Printing Regt and 4 Survey and Mapping Regt is in Entabeni Hospital in Durban, in ICU in a semi-coma.

HULDEBLYKE AAN CALLA THERON VAN DIE GESKUT EN LEëRINLIGTING

18. Genl Joffel van der Westhuizen van die Geskut
“Op 02/06/2019 is Carel, of Kalla soos ons hom geken het, een van die ou SAA(Vd) se kleurvolste karakters, van ons ontneem. Dertien jaar gelede was hy en Hannetjie, sy eggenote, slagoffers van ’n motorongeluk in Hornsnek. Karel het met die letsels daarvan heengegaan en Hannetjie sukkel vandag nog om te loop. Ten spyte van al hierdie jare se pyn en ongerief, was die twee van hulle, sy aan sy, altyd deur ’n toonbeeld van moed en blymoedigheid. Karel het ook ’n letsel van Op Savannah met hom saamgedra. In Okt 1975 verloor hy aan die Oosfront drie troepe in ’n landmyn ontploffing en in die daaropvolgende vuurgeveg met SWAPO (PLAN). Verliese wat hom nooit verlaat het nie en jare daarna nog groot hartseer gebring het.

Karel kon enige tyd, behalwe miskien soms by die viswaters, deur ’n ring getrek word. Netjies, regop en nie op sy mond geval nie, veral wanneer sy pasaangeër weer herlaai is. Daar is ’n storie dat hy in hulle jonger dae ’n webbelt vir Hannetjie gepasmaak het, sy aas daaraan gehaak het en haar omgekoop het om dit vir hom lekker vêr in Hartbeespoortdam uit te swem. Dit is waar, vra maar vir RB du Preez.

Mede-artilleris, mens-mens, hengelmaat en vasbyter; Karel Theron was dit en sal so onthou word. Hy was een van daardie mense wat jou lewe soos ’n tonikum kon verryk”.

19. Broekies van Broekhuizen van die Seiners
So jammer om te hoor dat ons Bobaas Galjoenvanger nie meer met ons is nie. Rus rustig Calla.

PERSOONLIKE BOODSKAPPE

20. Huldeblyke aan Vos Benade van die Infanterie

* Onbekend op FaceBook
Ons innige meegevoel aan Valerie met die afsterwe van genl Vos Benade vandag. Ons eer u generaal vir 'n wonderlike militêre loopbaan.

* Jaco Steenberg van die SAWV
“Ek het met groot hartseer van genl Vos Benadé se afsterwe verneem. In my tyd as sy PSO was hy my bevelvoerder, mentor, beskermer en vriend. Rus sag generaal. ‘n Groot boom het geval. Tannie Valerie en dogters, julle is in my gebede. Hy was 'n wenner en baie gerespekteer”.

21. Gedenkvideo oor Genl Dennis Earp
Marthie Visser van die SALM verwittig dat ‘n gedenkvideo van genl Earp gemaak is en dat dit vanaf haar e-posadres by vissermartham@gmail.com aangevra kan word. Op die foto hieronder is hy saam met sy vrou, Beth, by die Smuts Gedenkdiens by Smutshuis in Irene op 19/05/2019, voor sy afsterwe daardie aand.

MILITêRE AANGELEENTHEDE

22. Rules Governing Decorations and Medals.
Jaco Steenberg has provided the following guide to the wearing of honours, which has been compiled by Gert Minnaar at the Council for Military Veterans Organization:

* Introduction
This note is a summary of principles to help when you want to know what to wear and when. Various regulations and instructions regulating the acceptance and wearing of honours apply to members in all the Services and others. Once you are a civilian, your respect for the Presidential Office and for tradition and your own personal discipline should ensure you continue to observe the rules.

* Source of Honours
South African honours, namely orders decorations and medals, are awarded by the President as head of state in accordance with the provisions of Section 84 (2) (k) of the Constitution, 1996, and not by Ministers or Heads of Departments. Only official decorations and medals, South African or foreign, may be worn.

* Discretion as to Wearing
Military personnel do not have the discretion as to whether or not to wear honours bestowed on them. They must wear the ribbons and the insignia as the occasion warrants. The Presidential Warrants leave no doubt that only the full-size badges of orders, decorations and medals are the authentic insignia of honours. Unless the dress ordered is Mess Dress or black tie, the full-size insignia are to be worn for all ceremonies, parades or commemoration services. Full-size insignia are marked with serial numbers or the names of recipients.

* Order of Precedence
The correct order of precedence is from the centre of the wearer's chest to the left shoulder. The first or senior honour must be fully visible. Medals are worn to show the obverse, namely face or front. Our medals have the coat of arms on the reverse, except for the Medal for Loyal Service. The seniority of all official South African honours is published in one consolidated list, known as the Official Table of Precedence, in the Government Gazette. The current Consolidated Official Table of Precedence was published in Government Notice No. 27376 dated 11/03/2005. All medals from the President must be worn as indicated in the Table.

* Miniatures
Miniature badges of orders, decorations and medals and buttonhole replicas are not the insignia proper. They are not named or numbered. In the past they had to be bought by recipients. They are concessions for convenience in wearing on mess dress or in civilian evening dress and their separate status is implied in Presidential Warrants. Miniature decorations and medals are only worn during evening functions, namely after 18:00. They may be worn at a suitable formal civilian event when the invitation specifies 'formal' or 'dinner jacket decorations'.

23. Dragvoorskrif vir die Pantserbond.
Alwyn van Niekerk is die Voorsitter van die Pantserbond en het namens die Bond se Uitvoerende Komitee die volgende ewewigtige besluit bekend gemaak:

Deur voorskriftelik slegs een spesifieke drag voor te skryf, kan lei tot verdeeldheid onder die lede van die Bond en ook die ander Veterane-verenigings. Die Bond Talle burgerlikes is lede van die Bond, asook vele ander wie nie SAPK-lede was nie

Dieselfde met die hoofdeksel want dit word aan die lid oorgelaat. Bogemelde feite geld ook hier, asook dat party lede verkies om nie enige hoofdeksel te dra nie. Sommige lede se haarstyle is ook nie bevorderlik vir die dra van enige hoofdeksel nie. Van die lede verkies weer om 'n hoed te dra, veral om teen die son te beskerm. Die Bond het 'n kenteken vir 'n hoofdeksel en die gebruik daarvan word ten sterkste aanbeveel. Die Bond het ook 'n trotse sakwapen en lede word deurlopend aanbeveel om 'n swart Bondbaadjie met die sakwapen aan te skaf en waar enigsins moontlik te dra. Die Bond beskik ook oor 'n miniatuur lapelwapen en ons werk hard om die kenteken onder die lede gewild te maak. Die ideaal sal wees as elke lid elke dag hierdie kenteken op hulle burgerlike drag dra.

Opsommend het die Bond 'n gepaste Bonddrag en lede word aangemoedig om die drag soveel as moontlik te dra. Lede word egter die vryheid gegun om die drag van keuse na hulle spesifieke omstandighede te dra en trots te vertoon".

24. Afskiet van Hommeltuig van die USN deur Iran
Foto toon die USN se hommeltuig wat Iran op 19/06/2019 oor die Straat van Hormuz neergeskiet het. Die RQ-4A Global Hawk Hommeltuig kan tot 60 000 voet hoog vlieg, waar dit vir 30 uur hou en kos ongeveer R2,6 miljard.

25. Newest Laser Weapon for the USN

In Arne's MN it was reported that USS Preble, based in Pearl Harbor, will in 2021 be the first destroyer to be equipped with the High Energy Laser and Integrated Optical-dazzler with Surveillance (HELIOS) to defend against Chinese or Russian cruise missiles.

26. Islamic State Claims First Attack in Mozambique

The author, Al Venter, states that an Islamic State is developing in our region, following those al-Qaeda killings not long ago North of Durban. Militants from a local Islamist group, Ahlu Sunnah Wa-Hamo, have been fighting a low-level insurgency in energy-rich Capo Delgado since 2017 and militants acting under the banner of the Islamic State's 'Central Africa Province' said that the group clashed with Mozambican security forces in Capo Delgado province at the beginning of Jun 2019, marking the first time the organization has claimed an attack in Southern Africa. The attack plays into the Islamic State's larger strategy of expanding its influence beyond its former Levant stronghold, even if it's only by claiming attacks perpetrated by sympathetic local militant groups. While the claim might not portend a rise in the capabilities of local Islamists, the link could allow Mozambique to garner more global support to counter insurgents. Detail is provided on the link at https://worldview.stratfor.com/situation-report/mozambique-islamic-state-claims-first-attack-countrys-restive-north-jihadists".

27. China Surpasses Russia as a Maritime Power

Arne reports that China has surpassed Russia as a maritime power, boosted by years of joint drills between the two navies. Such exercises had helped China to become a relatively advanced naval power and Russia was watching on warily as Beijing continues a push to modernise its military. The German Institute for International and Security Affairs states that Beijing has overtaken Moscow in claiming a leading role as a great maritime power. Photo shows a Chinese destroyer taking part in an exercise with Russia's Navy in the East China Sea.

TOEKOMSTIGE OORLOë

28. NTR.

MILITêRE MEDIESE VERSORGING

29. Swak Behandeling van John Linden van Leërinligting
* Daar was voorheen berig dat John se burgerlike tandarts nou al langer as vier jaar probeer om vir hom ‘’n bitrekonstruksie te ontwikkel, maar deur 1 Mil Hosp gekortwiek word. Die proses het nou al so lank gesloer dat die een pen, wat saam met die nuwe been links bo ingeplant is, nou al opgeskuif het en nou langs sy sinuses sit. Sy voortande is nou ook al los en drie tande links bo het al gebreek.

* ’n Goedgesinde voormalige senior mediese offisier is om hulp genader en John rapporteer dat 1 Mil Hosp hom igelig het dat die kwotasie goedgekeur is en dat daar nou optrede gaan wees.

FUNCTIONING OF THE MEDICAL CONTINUATION FUND (RFMCF)

30. RFMCF Bulletin for First Quarter
The new Bulletin is available and can be requested from Info@RFMCF.co.za. In the Bulletin it is explained that statements are being sent to all members of all claims paid to the service providers. This will assist members to keep track of claims received and paid or rejected by the Fund. The statements are sent at the end of each month to those members who received services during that month. Members are encouraged to utilize the statement to detect and report possible fraudulent claims.

EIETYDSE MILITêRE GESKIEDENIS

31. Toestand van die Gedenkteken in Virginia
Willie Louw van die Kavallerie noem dat in Nov 1989 is ‘n Gedenkteken vir die SAW se gevalle helde in Virginia se begraafplaas in samewerking tussen die Stadsraad en die Virginia Komdo opgerig. Willie was as die destydse Bev Gp 34 by die inhuldiging van die Gedenkteken betrokke en is bekommerd oor die toestand van hierdie begraafplaas en die Gedenkteken. Willie vra dat ‘n Veteraan wat in die Vrystaatse Goudvelde woon gaan ondersoek instel en terugrapporteer.

32. *Ongulumbashe : Die Begin van die Bosoorlog*
* In ’n vorige Nuusbrief is ’n uittreksel geplaas uit Paul Els se boek met dieselfde naam oor die aanval deur die SAP op hierdie basis van SWAPO (PLAN) in Wes-Owambo op 25/08/1966, wat dan ook die Bosoorlog ingelei het. In die artikel in die

Nuusbrief is foutiewelik na kol Pat Dillon as die Rooi Rus verwys, genoem dat kmdt Tommy Renfree betrokke was, asook dat die 30 lede van die SAP vir die operasie vereer is, maar dat die tien SAW-lede oor die hoof gesien is.

* AP Stemmet van die Kavallerie maak beswaar en noem dat Theuns Swanepoel van die SAP die Rooi Rus genoem is. Hennie Heymans van die ZARPe stem saam en verklaar dat die latere brig TJ Swanepoel as die Rooi Rus bekend was.

* Willem (Kaas) van der Waals van die Parabats was een van die tien en verduidelik dat Tommy die SO1 Inl by Leër HK was en die skakeling met die SAP se Hoofkwartier vir die operasie gedoen het.

* Hennie Heymans noem ook dat "... dit 'n gruwelike skending is dat die SAW-lede nie die SAP se medalje vir die Bekamping van Terrorisme ontvang het nie!" Kaas noem dat hy 'gehoor' het dat wyle genl Hendrik van den Berg glo die toekenning aan die tien soldate afgekeur het.

33. South Africans in the RN during WW2
Photo appeared on the web page of Veterans and Heroes, showing members of the SA Royal Naval Volunteer Reserve serving on board HMS Nelson. The group is sitting on one of the 16 inch gun barrels of the ship.

34. The Foiling of Further Air-hijacking by al Qaeda
The author, Al Venter of 32 Bn wrote about the planning by Al Qaeda to repeat their succes with the attack on the World Trde centre on 09/11/2001, which is fully described in the book, *Courting Disaster* by Marc Thiessen. Al explains how a tactical assault team of Pakistan succeeded in capturing the mastermind of the 09/11 attack, Khalid Sheikh Mohammad (KSM) on 01/03/2003. He was taken to a secret CIA location in Pakistan where it was found that normal interrogation would not succeed. He underwent a series of 'enhanced interrogation techniques' (you know what that means) which was so successful that all information about Al Qaeda plans to launch attacks against the USA and other Western targets were revealed. KSM also describes his failed plan in 1994/95, known as the 'Bojinka Plot' to blow up a dozen airplanes carrying some 4 000 passengers over the Pacific Ocean.

Years later, an observant CIA officer noticed that the activities of a cell being followed appear to match KSM's description of his plans for a Bojinka-style attack and on 09/08/2006 they succeed in arresting 24 al Qaeda terrorists in London. They find plans to hi-jack seven passenger planes departing from Heathrow Airport that were scheduled to take off within hours of each other. They seized bomb-making

equipment and hydrogen peroxide to make liquid explosives and the chilling martyrdom videos the suicide bombers had prepared to mark the fifth anniversary of 9/11 attack. The true intentions of this plot were uncovered thanks to critical information obtained through the interrogation of KSM who had conceived the plan. On 22/01/2009 the newly elected President Obama issued Executive Order 13491, closing the CIA program and directing that henceforth, all interrogations by USA personnel must follow the techniques contained in the US Army Manual on Interrogation in the Field and also ordered the release of four Justice Department memos that described in detail the enhanced interrogation techniques used to interrogate KSM and other high-value terrorists. With these actions, Barack Obama arguably did more damage to America's national security in his first 100 days of office than any President in American history.

NUWE MILITêRE BOEKE

35. *African Combat* deur Al J Venter
Al verwittig dat "... my jongste en ook my laaste boek oor die Grensoorlog, naamlik *African Combat,* by die drukkers hier in die VK is. Dit is 'n groot werk van ongeveer 400 bladsye met meer as 200 fotos. My sincere thanks to all you good people who contributed to this fine volume. We are the last of the Old Guard and sadly, our numbers are starting to thin. So much good work has been done".

36. Boeke oor die Anglo/Boere-oorlog en die Bosoorlog,
Johan Heyns van die Geskut is 'n deeltydse skrywer en noem en versoek die volgende:

"Ek het sopas 'n bundel deur Malherbe Uitgewers gepubliseer, naamlik *Veldkornet Wat sê Jy,* waarin hulde aan 40 offisier van die Anglo/Boere-oorlog gebring word. My nuwe projek is *Manne van Staal* waarin ek op dieselfde manier wil hulde bring aan offisiere en onderoffisiere wat in die Bosoorlog presteer het. Dit gaan nie noodwendig oor senioroffisiere en onderoffisiere handel nie. Ek wil graag versoek dat lesers van die Nuusbrief my verwys na lede wat ek kan nader om 'n onderhoud te reël. Ek sal ook graag wil verneem of die voormalige AO1 Sampie Claassen, voormalige Sersantmajoor van die SA Leër, nog lewe en of ek sy verhaal kan plaas.

Ek sal dit waardeer as 'n senioroffisier wat daar was, bereid sal wees om die voorwoord vir *Manne van Staal* te skryf. My kontakbesonderhede is 076 745 0908 en jheyns7@gmail.com".



PAUL ELS SE BOEKE

37.Boek oor die Militêre Basis in Walvisbaai en die Res van SWA
"Ek is amper klaar met my boek oor Walvisbaai. Dit het 520 bladsye en bevat ongeveer 1 550 foto's.

* Gaan binnekort met ‘n boek oor die militêre eenhede Suid van die Rooilyn begin, waaroor daar nog niks geskryf is nie. Vir hierdie poging gaan ek informasie en fotos benodig oor alles wat Suid van Oshivelo gebeur het. Enige items wat ek ontvang sal ek later aan die Argief of Voortrekkermonument oorhandig, soos wat ek ook met doe memorabilia van genl Charlie Lloyd gedoen het”.

38. Boek oor die Genie
Ek het met ‘n boek oor die Geniekorps begin, maar iemand het die taak by my oorgeneem. Tans is ek besig met ’n boek oor 5 MWE en vorder goed met die met hulp van die makkers wat daar daar gedien het”.

WELSYNSWERK

39. Projek Meerkaf van die SAW Vereniging (SAWV)
Johann du Preez van die SAWV verduidelik dat “… een van ons projekte ten doel het om ‘n lewensvatbare bestaan aan van ons hulpbehoewende Veterane te bied, deur hulle as motorwagte by van die restaurante in Centurion aan te wend. Hulle dra ‘n witkleurige baadjie waarop die kenteken van die SAWV verskyn. Na afhandeling van die dagtaak bly van hulle op die restaurante se perseel aan om ook ‘n sekuriteitsfunksie gedurende die nag te verrig. Daar kon egter nie genoeg Militêre Veterane gevind word nie en die projek is uitgebrei om aan ander hulpbehoewendes ‘n geleentheid te bied. Hulle enigste inkomste is die fooitjies wat hulle van besoekers aan die restaurante ontvang en die Veterane se ondersteuning word hiervoor versoek”.

ALGEMENE ASPEKTE

40. Regstelling : Skenk van die SAW se Weldoenersbeeld
In die vorige Nuusbrief is gemeld dat Willie Louw van die Kavallerie genoem het dat H SAW in 1889 besluit het om ‘n geskenk van waarde aan weldoeners van die SAW te skenk. Die datum is foutief en behoort 1989 te wees. Willie glo dit is die drukkersduiwel en verskoning word aangebied.

41. Dit is in Ons Hande
Paul Els noem dat met sy “… skakeling met verskeie lede is die behoefte bepaal dat daar dringend samesprekings met die Veterane-organisasies en verskeie ander instansies gehou moet word om hulp aan behoewende Militêre Veterane te organiseer, asook om die bewaring van ons eietydse militêre geskiedenis te koördineer. Die doel is nie om ‘n nuwe organisasie te stig nie, maar eerder om samewerking tussen almal te verkry en om spoedige optrede vanuit ‘n sentrale punt te reël. Ons wil voorkom dat ons geskiedenis tot niet gaan en ook gesamentlik hoop vir ons Veterane bied. ‘n Paneel het op 12/06/2019 by Chatterleys vergader waartydens die oprig van ‘n Bosoorlog-museum te LMB Swartkop en die inrig van ‘n Sentrale Beheersentrum by byvoorbeeld Fort Klapperkop of elders bespreek is. Die volgende byeenkoms is vir 10/07/2019 gereël en lede wat belangstel om by te woon kan my op my e-posadres te paul@who-els.co.za kontak. Die vergadering gaan by die Militêre Voertuigmuseum in Hammanskraal plaasvind”.

42. Military Dispatches
Robbie Roberts of Signals advises that the Jun 2019 edition of Matt Tennyson's fine military journal, read by 100 000 people worldwide, is available and can be read on the link at www.militarydespatches.co.za.

43. Newsletter of the Naval Officers' Association of Southern Africa
Angel states that the Newsletter for Jun 2019 is available and can be requested from the Secretary, John Lamont, at glentyne@yebo.co.za.

44. Ode to the Military Wife.
Crow Stannard is the editor of *The Flying Spirit,* the Newsletter of the branch of the SAAF Association in Port Alfred. The following tribute to the Military Wife appeared in the latest issue of the Newsletter:

I wear no uniforms, no blues or army greens. But I am in the military in the ranks rarely seen. I have no rank upon my shoulders, salutes I do not give. But the military world is the place where I live. I am not in the chain of command, orders I do not get. But my husband is the one who does, this I cannot forget. I am not the one who fires the weapon, who puts my life on the line. But my job is just as tough. I am the one that's left behind. My husband is a patriot, a brave and prideful man and the call to serve his country, not all can understand. Behind the lines I see the things needed to keep this country free. My husband makes the sacrifice, but so do our kids and me. I love the man I married. Patriotism is his life. But I stand among the silent ranks known as the military wife.

45. Inherent Weakness of the Russian Economy
A reader of Arne's MN states that "… Russia is trying to rebuild a facsimile of Soviet era military power on the back of an economy only a little larger than that of Australia, while having to feed a vastly larger population that is aging at a speed that does not auger well for their economy. If Putin continues on this trajectory they will crash and burn, just as to Soviet Union did and for precisely the same reason. The former Soviet Union was spending up to 20% of GDP on defence towards the end. I am a proponent of healthy defence funding, but even I can see that that will not work".

46. Rolbalkampioene
Willem [Kaas] van der Waals van die Parabats en Robbie Fox van Afd Inl is soos verlede jaar weer die enkelkampioen van hulle onderskeie rolbalklubs, naamlik Centurion en Wonderboom. Op 08/06/2019 het albei ook aan Noord-Gauteng se Kampioen van Kampioene-kompetisie, met vyf seksies van vier klubkampioene elk, deelgeneem en het Robbie sy seksie gewen terwyl Kaas tweede in sy seksie was. Kaas gebruik dit nie as 'n verskoning nie, maar noem dat hy op 78 die oudste van die 20 deelnemers was. Dit bevestig weereens dat rolbal 'n sport vir alle ouderdomme is.

Kaas is ook ‘n afrigter en nooi alle belangstellendes om hom te nader en belowe om hulle nie as aspirant-valskermsoldate te hanteer nie. Hy en meeste van sy oud-leerlinge glo dat hulle al 30 jaar gelede met hierdie sport en ontspanning moes begin het. “Kom manne. Gun julle vrouens die rus en vrede wat hulle verdien deur julle afwesigheid op die rolbalbaan! Kaas se e-posadres is wevdwaals@gmail.com.



NUUS OOR DIE VETERANE-ORGANISASIES

47. Inleiding

Hierdie groephoof is geskep met die spesifieke doel om aan die Veterane-organisasies ’n forum te bied waar hulle die breër Veterane-gemeenskap oor hulle onderskeie aktiwiteite kan inlig. Maak gerus gebruik daarvan en insette sal waardeer word.

48. Newsletter of the Signals Association

Robbie Roberts is the Chairman of the Signals association and informs “… that the Jun 2019 issue of our own Newsletter, Jimmy's Own, is now available and can be requested from my e-mail address at robbie.wa.roberts@gmail.com”.

49. Nuusbrief van die Parabats in Pretoria

Paul Els het die indruwekkende Bat Chat, die Pretoria Valskermorganisasie (PVO) se uitgawe van die tweede kwartaal verskaf, wat op die skakel by http://parabat.org.za/wp-content/PVOapp/BATChatno3aJUN2019.pdf beskikbaar is. Paul noem dat die Nuusbrief nie net oor die PVO se sake handel nie, maar ook verslag doen oor ander Canopies en valskermorganisasies, want ons is een familie. Dit moet nie as slegs die Nuusbrief van die PVO beskou word nie. Paul noem dat hulle selfs uit Frankryk vir die Nuusbrief komplimente gekry het.

50. Minutes of the SADFA’s Annual General Meeting (AGM) on 08/06/2019

Johann du Preez of the SADFA advises that the Minutes and Attachments of the AGM held on 8 June 2019 is available on the link at

https://mailchi.mp/fcdff9f0d054/sawv-ajv-2019-notule-sadfa-agm-2019-minutes?e=01c3e27089. Amendments are to be forward to the e-mail address at ajv2019@sawv.co.za.

ASPECTS CONCERNING OUR PENSION FUND (GEPF)

51. State Pension Guardians are Asleep at the Wheel.
The journalist, Chris Bateman, has stated the following on FaceBook:
Not until now has the growing anger of the state's 1.7 million pensioners been fully voiced at the cavalier, inept, and deeply irregular investment and/or theft of their retirement funds. Those responsible obviously thought abusing the thin but nevertheless available comfort of our civil servants golden years was like taking candy from a baby. They stand to be proved wrong. Evidence of malfeasance is piling up. The Public Investment Corporation (PIC) has funded an ANC media propaganda empire and conducted a host of dodgy deals (Independent Media, Ayo Technologies, African Bank, Steinhoff). Its behaviour can be likened to the heartless kerbside mugging of a frail and infirm geriatric. Ed Herbst, in a portent of things to come, has put the spotlight on the Association for Monitoring and Advocacy for Government Pensions (AMAGP), formed recently to advocate for more transparency for the GEPF most of which the PIC administers. They're asking its Principal Executive Officer, Mr Abel Sithole, whose responses have been underwhelming, even evasive, some hard questions. Why for instance, his mealy-mouthed backing of a probe into the GEPF now when he must have long-known or at least suspected, that seriously shady practices were going on and did nothing

52. How Safe are Civil Service Pensions?.
Ed Herbst, a veteran journalist, has written the following:
One of the PIC's first investments outside SA pushed the limits of responsibility and undermined its role as the steward of millions of civil servants' savings according to Warren Thompson in the Business Day of 29/5/2019. But what is emerging from the commission suggests that despite channelling 87% of the government workers' money it is entrusted with to the PIC, the GEPF wasn't overly concerned with the governance of the latter. Each month stop order pension fund deductions are channelled to the GEPF, which represents the pension savings of the nation's 1.7-million active and retired public servants. Alarmed by the evidence being tendered at the Mpati commission which is investigating malfeasance at the Public Investment Corporation, the Association for Monitoring and Advocacy for Government Pensions (AMAGP) is seeking more transparency over the GEPF and more oversight of its investment strategy and practices and have asked a fundamental question of their parent organisation: Who guards the guards?

53. Response to Letter by AMAGP.
AP Stemmet has, as Spokesman of AMAGP, written a strongly worded letter to the Chairman of the GEPF, Abel Sithole, to which he has responded as follows:

Dear Mr Stemmet
If you have any proof of the allegations that you are making, it is incumbent on you that you make such evidence available to the law enforcement authorities or the PIC Commission. I will not respond to any this. As you say, 'The Rule of Law must take its course'.

Kind regards

Abel

54. Open letter by AMAGP to Tito Regarding Prescribed Assets.
The journalist, Chris Bateman, has written the following: AMAGP has once again outdone itself with impeccable logic in a polite protest letter. This time the appeal is to Finance Minister Tito Mboweni, asking how the new prescribed assets policy will impact on government pensioners; the biggest block of retirees and prospective retirees in the country, not to mention on the rest of us. It is a simple question backed by a senior policy advisor who got the heads of many luminaries nodding at a recent investment seminar of the Actuarial Society of South Africa. Gill Raine outlined the disastrous effect such a policy had on pensioners and the economy in the past and wondered aloud whether the government had learnt anything from past mistakes. It brings the issue front and centre stage, making it imperative that parliament's Standing Committee on Finance rescue the reputations of itself and other parliamentary committees whose accountability role has been questioned by none other than Judge Raymond Zondo, heading the Commission of Inquiry into State Capture. His colleague probing alleged improprieties at the PIC, Judge Lex Mpati, cannot be far behind in wondering how much chaos could have been avoided had parliament conducted its oversight role with more diligence. None so blind as those who will not see, it seems.

55. Acknowledgement of the Letter by AMAGP
The letter to the Minister referred to above, was written by Antonie Visser, the Chairman of AMAGP and has been acknowledged by Biznews as the Top Story of the Week.

56. Nuwe Voorkoms van AMAGP se Blad op FaceBook
As Kleynhans van die Lugafweer verwittig "…dat AMAGP se blad op FaceBook 'n gedaanteverwisseling ondergaan het. Dit het 'n nuwe gesiggie en die naam is nou GEPF WATCHDOG/WAGHOND. Die nuwe voorkoms trek aandag en ons ledetal op Facebook binne drie dae met meer as 1000 gegroei, wat talle lede van die SAP en ander staatsdepartemente insluit".

SOEKTOGTE

57. Waar is AO1 Sampie Claassen van die Geskut
Beide Jakes Jacobs en Johan Heyns van die Geskut wil met Sampie kontak maak. Hulle e-posadresse is jakesj60@gmail.com en jheyns7@gmail.com.

GELEENTHEDE, FUNKSIES EN KURSUS- EN ANDER RE-UNIES

58. Gedenkdiens van die SA Infanterie-vereniging in Randfontein
* Die tak van die SA Infanterie-vereniging in Randfontein het op 23/06/2019 'n geslaagde gedenkdiens bygewoon, wat goed deur die Veterane op die Wesrand ondersteun is. Baniere van die Infanterie-, Inligting- en Valskerm-verenigings, asook die Savannah Bond, is vertoon, terwyl Jannie Moolman as gaskunstenaar opgetree het. Die foto toon 'n deel van die gehoor.

*Albert Peters het die geleentheid gereël en hy versoek dat die Veterane in daardie gebied met hom op sy e-posadres by bertus@bfaskills.co.za kontak maak, om by die volgende geleenthede te kan inskakel.

59. Infanteriste is Plesierig
John Lizamore verwittig dat "… die volgende hinderlaag van die SA Infanterie-vereniging vanaf 11:30 vir 12:00 op Saterdag 20/07/2019 by die Bronberg Landgoed sal plaasvind. Die vergadering van die NUR begin om 09:00 maar sal teen 12:00 afgehandel wees. Bespreek bywoning asseblief met Geoff Holland-Muter by selno 076 637 9355 of op geoff@bexlosa.com. Kostes is slegs R120 per ete en drank is by die kontantkroeg teen militêre pryse beskikbaar. U kan gerus u vrouens saambring om die dag saam met ons te geniet".

60. Infanterie-skouerskuur op 06/07/2019
Geoff Holland-Muter van die SA Infanterievereniging nooi "… die Infanteriste en hulle vriende na 'n skouerskuur wat vanaf 12:00 op 06/07/2019 by die MOTH's se Pro Patria Shellhole te Durbanville gehou gaan word. Kom braai en kuier saam met ander Veterane, leer mekaar ken en herenig ou bande. Dit is 'n bring en braai, terwyl verversings teen weermagpryse beskikbaar is, maar bring net eie wyn saam. Verwittig vir my by geoff@bexlosa.com vir beplanning. Bring die gesin en kinders saam".

61. Herdenking van Op Savannah op 08/09/2019
Renaud Booysen is die Voorsitter van die Savannah Bond van Veterane en verklaar dat die 44 ste Herdenking van Op Savannah om 10:30 vir 11:00 op Sondag 08/09/2019 by Op Savannah se Gedenknaald by die Voortrekker Monument (VTM) gehou word. Die algemene jaarvergadering vind daarna vanaf 12:00 in die Voortrekker Gedenksaal by die braai-area net agter die VTM plaas. Die funksie sal 'n spitbraai wees en wyn word aan tafel verskaf. Eie koue verversings mag saamgebring word. Koste is R140 per persoon. Verskaf asseblief die name van persone wat gaan bywoon en toon u van as verwysing op die inbetaalstrokie. Finale

datum vir bevestiging is 31/08/2019. Bank besonderhede is Investec Bank, Bond van Savannah Veterane, rekeningnommer 50010032989 en takkode is 580105. Gebruik rekeningnommer 4059749310 indien die rekening met kontant of per tjek betaal word. Stuur asseblief bevestiging van bywoning en betaling na ereatrust@mweb.co.za. My selno is 0833756815".

62. SAWV se Maandelikse Ontbyt in Pretoria
Die ontbyt het op 08/06/2019 by Chatterley's in Valhalla plaasgevind en Arlene Bronkhorst rapporteer dat "...die volgende ontbyt om 08:30 vir 09:00 op 13/07/2019 is en bywoning moet vroegtydig op my e-posadres by sawv@milvets.co.za of op my selno by 060 603 2930 bespreek word. Bring jou familie en vriende en kom deel weer in ons heerlike buffetontbyt en samesyn met onbeperkte koffie/tee".

63. Herdenking van die Aardbewing en die Lugafweer se Hulp aan Ceres
Angelique Le Roux van die Togryers Museum op Ceres verwittig dat "… die Museum besig is om 'n gedenkdiens te reël om die 50ste herdenking van die groot aardbewing in Ceres te gedenk. Die diens sal in Sep 2019 plaasvind en die museum wil graag van die Militêre Veterane van 10 LA Eenh te Youngsfield nooi, wat in 1969 tydens die aardbewing steun aan die inwoners van Ceres verskaf het.
Kontak asseblief vir die Museum se bestuurder, Bertdene Laubscher, by 023-312 2045 of op haar e-posadres by togryersmuseum@gmail.com vir navrae. My selno is 082 337 2499".

ADMINISTRASIE

64. NTR.

NETWORKING

65. Items van 1 SDB
Zanette Rossouw noem dat haar man in 1983 'n lid van 1 SDB was en dat hulle graag die volgende items wil koop:

• Beret se eenheidskenteken.
• Beret se balkie.
• Skouerflitse.
• Stable belt - oranje wit en blou met protea buckle.

Zanette se e-posadres is zanette.urgmed@gmail.com.

LAASTE LAWWE (EN SOMS ERNSTIGE) STUKKE

66. Food for Thought
* Going big for most Military Veterans in the winter means going home and getting into warm pajamas.

* Excellence is more fun than mediocrity.

* Never look down on a Medic. You never know when you may be looking up at him.

* In a closed society where everybody's guilty, the only crime is getting caught. In a world of thieves, the only final sin is stupidity - Hunter S Thompson

* Coming home did not mean their war was over. For some Veterans it meant a new battle had began.

67. Life in the Civilised Part of the World

There will be no more perks for Swedish MPs, as everyone, including the prime minister and judges, must now live in conditions similar to voters.

68. Grooteet in die SAW.

Met apologie aan die SA Spyskorps. Henk Boshoff het die volgende op die FaceBook-blad van Grensoorlog geplaas:

"Elke basis het meer as een kok gehad, want een persoon kon nie op sy eie soveel k-k aanjaag nie".

69. Soek Julle Miskien Vir My?

SLOT

70. En op daardie verrassende noot, enjoy the new week.

Johann

VRYWARINGSKLOUSULE

71. Hierdie Nuusbrief bevat die uiteenlopende en diverse persoonlike menings van Militêre Veterane en die Opsteller van die Nuusbrief kan nie in sy persoonlike hoedanigheid daarvoor verantwoordelik of aanspreeklik gehou word nie.